# KLEIN POSSIE MIDDAGSORG

Vul die vorm in en stuur aan ontvangs@willempostmapreprimer.co.za

Welkom by Klein Possie Middagsorg

Klein Possie Middagsorg is ‘n diens wat deur die skool self aangebied word, op die Preprimêr se terrein. Daar sal altyd ten minste drie personeel aan diens wees op ‘n middag (afhangend van die hoeveelheid kinders). Middagsorgpersoneel is vanaf 13h30 aan diens.

**MIDDAGSORGTYE:**
Middagsorg sal wees vanaf: 13h30 tot 17h00
U sal wel kans gegee word tot 17h15 om u kindjie te kom haal.
Indien u laat is sal daar ‘n boete van R50 gehef word.

Middagsorg sal beskikbaar wees vanaf Januarie tot November gedurende skoolkwartale.
Geen middagsorg sal gedurende die vakansies of gedurende Desember aangebied word nie.
Geen middagsorg sal aangebied word op die dag wat die skole sluit nie.

**MIDDAGSORGTARIEWE:**

| | |
|---|---|
| Januarie tot November (11 mnde) | R700 per maand |
| Kuiermaatjie (slegs enkele dae) | R50 per middag |

Middagetes is nie ingesluit by die fooi nie. Kinders kry wel 15h00 verversings.

**BETALING VAN MIDDAGFOOI:**
Die betaling van die middagsorg se maandfooi is vooruitbetaalbaar en dit wel teen die 7de van elke maand. Dit is betaalbaar oor 11 maande (Januarie tot November). Die skole open op 11 Januarie en daar sal vanaf die 11de middagsorg wees. Middagsorgouers moet asb die bystaande briefie invul en op die eerste skooldag van die jaar indien. Indien u nie meer van die middagsorgdiens wil gebruik maak nie, moet u ten minste ‘n week kennis gee, deur die aangehegde kansellasievorm by die kantoor in te dien.

Die middagsorgfooi word nie in Willem Postma se skoolrekening inbetaal nie.
Die bankbesonderhede vir middagsorg is as volg:

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: Kontiki | Rekeningnommer: 930 335 4470 |
| ABSA **Spaar**rekening | Takkode: 932005 |

Verwysing: Kindjie se naam en van

Indien u kind se middagsorg ‘n maand agterstallig is, gaan u nie toegelaat word om van die diens gebruik te maak, totdat die agterstallige fooi ingehaal is nie.

KLEIN POSSIE
MIDDAGSORG

**AFHAAL VAN KINDERS**
Die skool benodig ID-afskrifte van alle persone wat u kind by die skool mag optel. Slegs hierdie persone sal toegelaat word om u kind te kom haal.

**BENODIGHEDE**

- Skooltas om besittings in te bêre
- Pak wet wipes per kwartaal

**MIDDAGETES**
Indien u nie van die middagete-diens wil gebruik maak nie, is u welkom om middagete, in 'n duidelik gemerkte kosblik skool toe. Dieselfde reëls geld vir die inhoud van die middagkosblik as vir die oggendkosblik. Ouers is welkom om gekookte kos in te pak. Soggens moet ouers die middagkos in die yskas in die kombuis plaas. Kookkos sal in die mikrogolf verhit word.

The Lunchbox is 'n diensverskaffer wat aan die skool middagetes lewer. Sy is 'n dieëtkundige en haar kos en spyskaart is hoogs aan te beveel.

**MIDDAGVERVERSINGS**
Na opstaantyd sal die skool aan die leerders verversings verskaf in die vorm van vrugte, jogurt, springmielies of soutbeskuitjies en so nou en dan ook 'n soet happie.

**VRYWARING EN SKOOLREëLS**
Skoolreëls, soos in die Inligtingstuk van Willem Postma Preprimêr, geld ook vir die middagsorg.

Ouers mag op 'n ongereelde basis van middagsorg gebruik maak teen die middagsorg se dagfooi. Wanneer halfdagleerders vir middagsorg bly, moet dit vooraf gereël word.

**ONDERNEMING VAN REKENPLIGTIGE OUER**

Ek, ______________________________ , ouer / voog van _____________________ , aanvaar bogenoemde voorwaardes en verbind my tot die nakoming daarvan.

________________________ ________________________
Handtekening van ouer Datum

_________________________ ________________________
Handtekening van skoolhoof Datum

**KLEIN POSSIE MIDDAGSORG**

## BESONDERHEDE VAN KIND

Naam en van: ______________________________

Woonadres: ______________________________

Enige mediese kondisies: ______________________________

Allergieë of dieëtvoorskrifte: ______________________________

Naam van huisdokter: ________________ Tel no: ________________

Mediese skema: ________________ Lid no: ________________

## BESONDERHEDE VAN OUERS

| **Ouer 1** | | **Ouer 2** |
|---|---|---|
| ________________ | Naam en van | ________________ |
| ________________ | Sel no | ________________ |
| ________________ | Beroep | ________________ |
| ________________ | Werkgewer | ________________ |
| ________________ | Tel no | ________________ |
| ________________ | e-pos | ________________ |

## REKENPLIGTIGE OUER

______________________________
Volle name en van

______________________________
Posadres

______________________________
ID nommer